## HOOFSTUK 6

# DIE MEGANISMES WAARDEUR DIE VAALDRIEHOEKSE PUBLIEK GEMOBILISEER IS

### 6.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is aangedui hoedat akademici en lede van die veiligheidsmagte vergaderings van verenigings en kultuurgroepe toegespreek het. Nadat die Vaaldriehoekse publiek oor die aanslag ingelig is, is hulle op verskillende wyses gemobiliseer om veral die oorlog op die grens met Angola te ondersteun. Hulle belangstelling is deur middel van weermag- en polisie-uitstallings by onder meer verskillende tentoonstellings geprikkel.[1] Vaaldriehoekers is deur middel van die plaaslike en nasionale pers, radio- en televisieprogramme van die rol van die weermag bewus gemaak.[2] Militêre orkeste en vermaaklikheidsgroepe en deurmarse in die Vaaldriehoek het ook die aandag getrek. Daar was in die verskillende Vaaldriehoekse dorpe heldeakkers en gedenknaalde op stadspleine van dorpe waarop die name van gesneuwelde soldate aangebring is. Die weermag wou in die proses van mobilisasie die bevolking beïnvloed en noue kontak met almal behou.[3]

---

[1] Vgl. Danie Theron krygskool, *Teeninsurgensie-operasieshandleiding* (Pretoria, 1 Drukregiment, 1986), p. 2/5-14.

[2] Vgl. E. Rhoodie, *P W Botha: The last betrayal 1978-1989* (Melville, S.A. Politics, 1989), pp. 228-229; D. J. W. Strümpfer, *Mense in rampe: Individuele en sosiale reaksies* (Port Elizabeth, Universiteit van Port Elizabeth, 1975), p. 171; W.A. Hachten en C.A. Giffard, *Total onslaught: The South African press under attack* (Johannesburg, Macmillan, 1984), p. 284.

[3] D. J. W. Strümpfer, *Mense in rampe: Individuele en sosialereaksies*, p. 171; D. Geldenhuys, *The diplomacy of isolation: South African foreign policy making* (Johannesburg, Macmillan, 1984), p. 142.

## 6.2 TENTOONSTELLINGS

Militêre aktiwiteite in die een of ander vorm was 'n aandagtrekker. Daar is reeds op 8 Oktober 1938 'n militêre dag in Vereeniging gehou. By dié geleentheid was die minister van verdediging, Oswald Pirow, teenwoordig terwyl 'n demonstrasie gelewer is.[4] Tentoonstellings was egter in die era van die 'totale aanslag' een van die mediums waardeur die beeld van die weermag en polisie doelbewus by die publiek versterk is. Omdat oorlog destyds 'n aktuele tema was, het organiseerders van tentoonstellings militêre uitstallings gereël om 'n toeloop van besoekers te verseker. Die weermag het aan die ander kant tentoonstellings as 'n geleentheid gesien om sy eie beeld te bevorder en ook om die bevolking met die veiligheidsopset vetroud te maak.[5]

Die Vaalskou van 1975 is deur die destydse minister van landbou, Hendrik Schoeman, geopen. Lede van die Leërgimnasium op Heidelberg het tydens die opening van die skou 'n verbymars gelewer.[6] Die junior leërorkes het opgetree en daar was 'n gimnastiek- en motorfietsvertoning deur die Suid-Afrikaanse Leërkollege.[7] Die president van die Vaalskou, T. Venter, het in 'n brief aan 73 Brigade sy dank vir die weermag se bydrae betuig.[8] Die eerste swart infanterie-bataljon van die leër het tydens die Vaalskou van 1976 sy eerste openbare vertoning gelewer.[9]

---

[4] Pamflet, Maak asseblief bekend: Vereeniging Kommando militêre dag, 08.10.1938.

[5] Danie Theron krygskool, *Teeninsurgensie-operasieshandleiding*, p. 2/5-14.

[6] Anon, "Vaal Show an example", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 26.09.1975.

[7] Direktoraat Dokumentasie Diens van die SANW (DDD), Pretoria, 73 Brigade HK, Groep 1, Houer 6, Lêer A/Cer/5/0, Deelname aan nie-militêre funksies beleid, Verslag van militêre basis Vereeniging aan bevelvoerder Kommandement Witwatersrand.

[8] DDD, Pretoria, 73 Brigade HK, Groep 1, Houer 6, Lêer A/Cer/5/0, Deelname aan nie-militêre funksies beleid, Brief van mnr. T. Venter president Vaalskou aan kol. J.S. van Heerden, bevelvoerder 73 brigade.

[9] Anon, "Black soldiers", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 24.09.1976; Vgl. ook F. Kruger, G. Meyer, "Wat Lenz vir Swart soldate beteken", *Paratus*, 27(9), September 1976, p. 28.



Illus. 41: Die eerste volwaardige weermag-uitstalling op die Vaalskou in September 1979
Bron: Anon, "Foto: Suid-Afrika se gedugte teenvoeter vir terroriste-insypeling, die Eland 60..." , in *Vaalweekblad*, 02.10.1979.

Die uitstalling van terroristewapens wat deur die polisie op die Sasolburgskou van 1979 vertoon is, het baie aandag getrek.[10] Die weermag het sy uitstalling, wat pryse op die Randse Paasskou en Pretoriase skou gewen het, ook by die Vaalskou van September 1979 ten toon gestel. Die organiseerders van die Vaal-skou van 1979 het geglo dat die besoekerstal vanweë dié uitstalling drasties sou toeneem. Daaruit kan afgelei word dat die publiek deur uitstallings met 'n militêre strekking, hetsy deur die polisie of deur die weermag, geprikkel is. Tydens dié uitstalling is onder meer 'n Eland 60-pantserkar ten toongestel. Die uitstalling van die weermag op die Vaalskou van 1979 was die eerste volwaardige militêre uitstalling op dié skou.[11] Een van die hoogtepunte op die program was die optrede van die orkes van die Tegniese Dienskorps van die weermag.[12] Die Sasolburgskou van Maart 1981 het belangstelling gelok toe daar 'n Ratel-infanteriegevegsvoertuig en ander wapentuig uitgestal is. Daar is gemeen dat van die land se beste wapentuig op dié skou uitgestal is.[13]

Afgesien van militêre uitstallings op tentoonstellings in die Vaaldriehoek, is die Vaalskou ook in die dekade tagtig gereeld deur hoë profiel militêre figure geopen of sodaniges is as eregaste genooi. Die Vaalskou van 1982 is deur die minister van wet en orde, Louis le Grange, geopen. Le Grange het die Vaaldriehoek as 'n sensitiewe nywerheidsgebied beskryf en gesê dat die polisie en weermag goed vir hulle taak toegerus was. Hy het verwys na die ervaring wat in Rhodesië en daarna opgedoen is en gesê dat die lede van die veiligheidsmagte van die gedugstes in die wêreld was en vervolg:

---

[10] Anon, "Foto: Luit. Derek Botha van die SA Polisie se veiligheidstak in Pretoria staan hier by 'n uitstalling van terroristewapens...", in *Vaalweekblad*, 06.03.1979.

[11] Anon, "Weermag stal uit by Vaalskou", in *Vaalweekblad*, 11.09.1979; Anon, "Foto: Suid-Afrika se gedugte teenvoeter vir terroriste-insypeling, die Eland 60...", in *Vaalweekblad*, 02.10.1979.

[12] Anon, "Jong orkes van weermag speel ook hier", in *Vaalweekblad*, 21.09.1979.

[13] Anon, "Foto: So lyk die verspiedtoring van die gedugte Ratel ...", in *Vaalweekblad*, 13.03.1981; Anon, "Foto: 'n Omvattende uitstalling van die land se beste wapentuig is op die Sasolburg-skouterrein deur die SAW gehou", in *Vaalweekblad*, 13.03.1981.



Illus. 42: Genl. Constand Viljoen, Hoof van die Weermag het die Vaalskou van September 1984 geopen.
Bron: Anon, "Genl. open skou", in *Vaal Ster*, 28.09.1984.

> Ons vyande, wat deur dade van terreur, sabotasie en terrorisme in die algemeen, 'n aanslag teen die demokratiese stelsels van ons land maak, word deur die Suid-Afrikaanse Polisie uitgeruik en beveg.[14]

Tydens die Sasolburgskou van 1982 is terroristewapens ten toon gestel en lede van die spesiale eenheid van die polisie het die publiek ingelig oor die wapens wat deur terroriste gebruik is. Terroriste-uniforms, landmyne, mortiere, gewere en mediese toerusting is vertoon. Toerusting wat vertoon is, is in verskillende stadiums deur die polisie gekonfiskeer.[15]

'n Hoogtepunt op die program van die Vaalskou was toe die skou op 3 Oktober 1984 amptelik deur die hoof van die weermag, genl. Constand Viljoen, geopen is. Tydens dié geleentheid het genl. Viljoen die arena saam met die berede-afdeling van die polisie binnegekom.[16] Hy het in sy toespraak daarna verwys dat die aanslag in die vorm van terreurdade, boikot-aksies en onrusstoking erg in die Vaaldriehoek gevoel sou word.[17]

Die Vaalskou van 1988 is op 18 September deur die kommissaris van polisie, genl. H. G. de Wit, geopen. Hy het tydens die geleentheid die volgende gesê;

> Deur middel van hierdie skou toon u egter aan uself, die land in geheel, die buiteland en in besonder die rewolusionêres dat pogings om ons van stryk te bring, so ver jammerlik gefaal het.[18]

Generaal De Witt het ook die stadsraad en inwoners van Vereeniging vir hulle hand van vriendskap bedank.[19] Die leër, vloot, lugmag en die polisie het

---

[14] Anon, "Polisie dankbaar: Minister", in *Vaalweekblad*, 01.10.1982, p. 7; Anon, "Ministerie se maatreëls oor misdaad", 08.10.1982.

[15] Anon, "SAP wys vyand se wapens", in *Vaalweekblad*, 12.03.1982.

[16] Anon, "Genl. open skou", in *Vaalweekblad*, 28.10.1984.

[17] Anon, "Aanslag teen SA nie iets van verlede", in *Vaal Ster*, 12.10.1984.

[18] G. J. Joubert, "Kommissaris open Vaalskou", *Servamus*, Januarie 1989, p. 16.

[19] G. J. Joubert, "Goeie verhoudinge noodsaaklik", *Servamus*, Januarie 1989, p. 40.

uitstallings gehad.[20] Die Spesiale Taakmag van die polisie het ook 'n vertoning gelewer.[21] Tydens die skou het berede soldate van die weermag met veiligheidsmaatreëls gehelp.[22]

Die Vaalskou van 1989 is amptelik deur die hoof van die lugmag, lt. genl. Jan van Loggerenberg, geopen. Daar was uitstallings deur die Geneeskundige Diens, die vloot en die leër. Van die interessanthede wat besoekers kon sien, was 'n veldkombuis, 'n Olifanttenk en 'n G6-kanon. Een van die treffendste uitstallings tydens die skou was 'n toneel van 'n motorbomontploffing in 'n straat in Vereeniging. Skougangers is daarop gewys dat so 'n bomaanslag werklik in Vereeniging sou kon gebeur. Die militêre uitstalling op die skou was deels daarvoor verantwoordelik dat die besoekerstal reeds in die eerste twee dae die rekords van die vorige twee jaar oorskry het.[23] Tot selfs ná die Suidwes-Afrika veldtog het die weermag nog altyd 'n besondere plek by die Vaalskou ingeneem. Só was die geneesheer-generaal, lt. genl. D. P. Knobel, die eregas by die Vaalskou van September 1992.[24]

Die weermag is ook tydens ander geleenthede as die Vaalskou by vertoonaksies verteenwoordig. Aan die einde van Julie 1987 is 'n groot lugskou op die Vanderbijlpark-vliegveld aangebied. Die Suid-Afrikaanse Lugmagmuseum het 'n verbyvlug van ou militêre vliegtuie en helikopters aangebied.[25] Tydens dié loopbaanskou van April 1989 by die Vaaldriehoekse Technikon, was die lugmag een van die uitstallers terwyl demonstrasies ook met helikopters gelewer is.[26]

---

[20] Anon, "Bumper Vaal Show", in *Vaal Ster*, 08-12.08.1988.

[21] Anon, "Taakmag sal vir opwinding sorg", in *Vaal Ster*, 19-23.09.1988.

[22] Anon, "Hulle sorg vir veiligheid", in Vaalskou-bylae by die *Vaderland*, 22.09.1988.

[23] J. Henop, "Vaalskou: Sewe trofeë en 'n goue medalje vir die SAW", *Paratus*, 40(11), November 1989, p. 26.

[24] Anon, "VIP's at Vaal Show", in *Vaalweekblad*, 09.10.1992; Vgl. ook Plakboek E. R. Coetzee.

[25] Anon, "Lugskou was 'n reusesukses", in *Vaalweekblad*, 03.07.1987.

[26] Anon, "Flying guests at careers show", in *Vaal Ster*, 28.04.1989.

Die weermag het op kleiner tentoonstellings vertonings gelewer en uitstallings aangebied. Die weermag se berede eenheid het byvoorbeeld op die Heilbron-skou van 1990 'n vertoning gelewer.[27] Die afskaling van militêre aktiwiteite het ook tentoonstellings beïnvloed. Gedurende April 1991 is daar besluit dat die Vereeniging Kommando voortaan verantwoordelik sou wees vir die weermag se uitstalling by die Vaalskou. Daar moes egter steeds daarvoor gesorg word dat die goeie beeld van die weermag uitgedra word.[28]

## 6.3 DIE MEDIA

Die Vaaldriehoekse publiek is deur 'n verskeidenheid media bereik, waardeur 'n gunstige beeld van die weermag en die grensoorlog oorgedra is. Baie foto's en berigte van militêre aktiwiteite in die Vaaldriehoek, soos soldate wat met grensdiens vertrek het of vanaf die grens teruggekeer het, parades en optogte, die weermag se betrokkenheid by tentoonstellings, en militêre begrafnisse is geplaas. Daar het byvoorbeeld ook 'n foto in die *Vereeniging & Vanderbijlpark News* verskyn waardeur die topstruktuur van die weermag aan die publiek bekend gestel is.[29] Verder is in die nasionale pers heelwat aandag aan die weermag gegee.[30] Nadat die publiek van die veiligheidstoestand bewus gemaak is, het spontane inisiatiewe deur verskillende instansies en liggame gevolg om alles wat met veiligheid te doen gehad het, voorop te stel.[31]

---

[27] Anon, "Foto: Die SAW-berede-eenheid se vertoning by die onlangse Heilbron skou", in *Vaalweekblad*, 16.03.1990.

[28] Dagboek, Vereeniging Kommando, Bevelvoerderskonferensie Groep 17, 22.04.1991.

[29] Anon, "These five generals will guide the destinies of the South African Army during 1975", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 31.01.1975.

[30] Anon, "Die pers het gehou van wat hulle sien", *Paratus*, 31(3), Maart 1980, p. 12.

[31] Militêre aktiwiteite in die Vaaldriehoek (MAV), Onderhoude gevoer deur skrywer, p. 18. 06071999, Malan, M. de M., (69) Pretoria.

### 6.3.1 DIE PLAASLIKE PERS

Heelwat berigte het in plaaslike koerante verskyn oor die aktiwiteite van die Vaaldriehoekse militêre eenhede. Daar was ook resensies oor publikasies met 'n militêre inslag, asook oorlogsfilms. Daar was selfs strokiesprente met 'n militêre tema.

Die gedagte met strokiesprente en fotoverhale was om oorlog te vermitologiseer en om die vyand as demonies voor te stel. 'n Bekende fotoreeks wat orals in kafees beskikbaar was, was *Grensvegter.*[32] Tussen Maart en Julie 1979 het 'n strokiesreeks met die titel "Opdrag Geheim" in die *Vaalweekblad* verskyn. Die tema van dié strokiesreeks was terrorisme en sabotasie van fabrieke. Die reeks het kortliks daarom gedraai dat terroriste 'n fabriek beset het en dat valskermsoldate uiteindelik daarin kon slaag om hulle te oorrompel. Die insident is egter aan die pers as slegs 'n oefening voorgehou en as hoogs geheim hanteer.[33]

In die plaaslike pers was 'n hele aantal advertensies waarin die weermag as tema by die advertering van sekere produkte gebruik is. Die verfsentrum, Cedar-Radex, het in Oktober 1976 'n unieke aanbod gemaak. In sy advertensie in die *Vaalweekblad* het die opskrif gelui:

> VERKLAAR OORLOG teen inflasie en terroriste! Help Suid-Afrika beskerm. Dit is tot u voordeel.

Vir elke liter verf wat verkoop is, is twee sent aan die Suiderkruisfonds geskenk.[34] Phillip Motors het die Toyota 1200-bakkie met 'n Olifant-tenk in die agtergrond geadverteer. Die opskrif by die advertensie was: "Hier kom die Pantserbakkie – Toyota se nuwe tenktaai 1200-bakkie".[35]


---

[32] K. Jochelson en F. Buntman, Shopping for war: an analysis of consumerist militarism, in, J. Cock en L. Nathan (reds.), *War and society: The militarisation of South Africa* (Johannesburg, David Phillip, 1989), p. 302.

[33] C. Bruwer, "Opdrag Geheim", in *Vaalweekblad*, 06.03.1979 – 24.06.1979.

[34] Anon, "Advertensie: Verfsentrum Cedar-Radex", in *Vaalweekblad*, 15.10.1976.

[35] Anon, "Advertensie: Phillip Motors", in *Vaalweekblad*, 03.02.1978.




Strokiesprent 1:
Bron: *Vaalweekblad*, 24.07.1979.




Advertensie 1:
Bron: *Vaalweekblad*, 03.02.1978.

You could never put a price on patriotism. But National Defence Bonds come close to the mark. An investment in the future of our country that pays more than handsome returns.

Forget about patriotism for a moment. Consider National Defence Bonds purely as an investment. Available in R50 units with no limit from any stockbroker, commercial bank or Post Office or direct from the Treasury. If held to maturity you get a 11,5% return for the final year of the investment, 8,5%, if you cash in earlier with an average of about 9,1%, to maturity. Depending on the investment date the currency of the bonds is 5 to 5½ years. On an investment of R70 000 you can save up to R24 500 on Estate Duty and being a prescribed investment it is ideally suited for institutions required to hold such securities.

National Defence Bonds combine a helping hand for your country with a superb investment for yourself.

**NATIONAL DEFENCE BONDS.**
**The high-ranking investment.**

# INVEST IN MIRAGES AND EARN A RISING RETURN.



Advertensie 2:
Bron: *To the Point*, 7(50), 15 Des. 1978.

Die Permante Bougenootskap het sy dienste deur middel van 'n jong soldaat in uniform geadverteer. Die opskrif by die advertensie was: "Die rede waarom ek spaar, is 'n ou in uniform wat soentjies onder aan sy briewe maak".[36] Daar het ook in die nasionale media advertensies verskyn met die weermag as tema. Bonusobligasies is in *To the Point* geadverteer, met afwisselend 'n foto van 'n Olifanttenk en die slagspreuk: "Invest in tanks and earn a solid return" en 'n foto van 'n Mirage F1-vegvliegtuig met die slagspreuk: "Invest in Mirages and earn a rising return".[37]

Sommige advertensies was direk op die verdedigingspoging gemik, soos 'n advertensie van die Suiderkruisfonds met die opskrif: "Steun ons soldate op die grens".[38] Die Atlas-vliegtuigkorporasie het deur middel van 'n advertensie in die *Vaalweekblad* werwing van ambagsmanne gedoen, terwyl die wapenvervaardiger Sandock-Astral op dieselfde manier tegniese mense gewerf het.[39] Plaaslike besighede het advertensies geplaas van werksgeleenthede vir jong manne wat reeds militêre opleiding ondergaan het. Thorold en Van Wyk het byvoorbeeld 'n pos geadverteer waarvoor benewens 'n matrieksertifikaat, ook militêre opleiding 'n voorvereiste was.[40]

In die *Vaalweekblad* van 30 November 1979 verskyn 'n resensie oor 'n boek wat oor kommunisme gehandel het. Die opmerking is gemaak dat die boek beide leek en kenner sou prikkel en dat dit aangedui het hoe kommunisme beveg kon word.[41] Op 7 Desember 1979 het 'n resensie gevolg oor 'n artikel in die tydskrif

---

[36] Anon, "Advertensie: Die Perm", in *Vaalweekblad*, 15.06.1979.

[37] Anon, "Advertensie: National Defence Bonds", *To the Point*, 7(34), 18 Augustus 1978; Anon, "Advertensie: National Defence Bonds", *To the Point*, 7(50), 15 Desember 1978.

[38] Anon, "Advertensie: Suiderkruis", in *Vaalweekblad*, 30.06.1976.

[39] Anon, "Advertensie: Atlas-vliegtuigkorporasie", in *Vaalweekblad*, 04.06.1977; Anon, "Advertensie: Sandock-Astral", in *Vaalweekblad*, 21.07.1978.

[40] Anon, "Advertensie: Thorold en Van Wyk", in *Vaalweekblad*, 29.08.1980.

[41] Anon, "Resensie: Communism in South Africa", in *Vaalweekblad*, 30.11.1979; Vgl. H. R. Pike, *A history of communism in South Africa* (Germiston, Christian Mission International of South Africa, 1985),

*Focus on Zimbabwe Rhodesia* wat gehandel het oor hoe kinders die oorlog daar ervaar het.[42]

Die publikasie *Ek het iemand op die grens* het gedurende Julie 1981 op winkelrakke in die Vaaldriehoek verskyn. Aspekte soos waarom soldate op die grens was en hoe om sonder hulle by die huis klaar te kom, is in die publikasie aangeraak.[43] Die publikasie *Wie die roede spaar* het aspekte soos dissipline, orde en gehoorsaamheid behandel.[44] Gedurende Februarie 1982 het die publikasie *Kontak* verskyn. Dié publikasie was 'n roman met die grensoorlog as tema. Die leser is subtiel daarvan bewus gemaak hoe militêre operasies beplan en uitgevoer is. Die skrywer, Eben Engelbrecht, was self sedert 1974 by die grensoorlog betrokke.[45]

Voornemende dienspligtiges het destyds, tussen 1980 en 1993, 'n gratis handleiding ontvang waarin hulle ingelig is oor wat om van die militêre lewe te verwag. Die politieke situasie waarin Suid-Afrika hom toe bevind het, is ook in die handleiding verduidelik en dit is ook by boekwinkels te koop aangebied.[46] Die publikasie *Rhodesian soldier and others that fought* het in 1984 verskyn. Daarin is alle fasette van die Rhodesiese bosoorlog tot en met onafhanklikheidswording behandel.[47] Die publikasie *P W* het in Desember 1984 verskyn en daarin is die lewe van president P. W. Botha as mens en as staatsman beskryf. In die werk

---

[42] Anon, "Kinders en die terroristestryd - aangrypende verhaal in boek", in *Vaalweekblad*, 07.12.1979.

[43] Anon, "Advertensie: 'Ek het iemand op die grens' ", in *Vaalweekblad*, 17.07.1981; G. Malan, *Ek het iemand op die grens* (Pretoria, N G Kerk, 1981).

[44] M. Alberts, "Dissipline is baie noodsaaklik", in *Vaalweekblad*, 25.08.1981; Vgl. J. Dobson, *Wie die roede spaar* (Kaapstad, Tafelberg, 1981).

[45] M. Alberts, " 'n Oorlogsroman deur 'n soldaat", in *Vaalweekblad*, 23.02.1982; E. Engelbrecht, *Kontak* (Kaapstad, Human en Rousseau, 1981).

[46] Anon, "Diensplig '84 'n moet vir elke troepie", in *Vaalweekblad*, 11.11.1983.

[47] Anon, "Remarkable book on Rhodesian War", in *Vaalweekblad*, 07.12.1984.

# HET U 'N GELIEFDE IEWERS AAN DIE GRENS?




- Verstaan u hoekom hy daar is?
- Hoe gaan u die tyd sonder hom klaarkom?
- Hoe kan u sy dienstydperk vergemaklik?

Antwoorde op al u vrae is nou verkrygbaar in **EK HET IEMAND OP DIE GRENS** geskryf deur Gabrielle Malan.
'n Boek met morele steun en positiewe en praktiese wenke vir u en vir hom.
**PLUS**
'n Uitskeurboekie vir die meisie wat 'n ware vriendin vir haar soldaat wil wees.

Verkrygbaar by

N.G. KERK-UITGEWERS

**The Mall, h/v D. F. Malan- en Sauerstraat, Posbus 2089, VANDERBIJLPARK, (Tel. 33-2300), of Saambou-Arkade, Merrimanlaan, Posbus 2024, VEREENIGING, (Tel. 21-2581).**

## EK HET IEMAND OP DIE GRENS

**R3,95 + 16c avb (+ 12c vir posbestelling)**

vaal-17-7

Advertensie 3:
Bron: *Vaalweekblad*, 17.07.1981.

word ook aandag gegee aan die rol van mnr. P. W. Botha in die opbou van die weermag[48]

### 6.3.2 RADIO- EN TELEVISIE

Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) was veral in die P.W. Botha-era 'n magtige strategiese propagandamedium wat as teenvoeter vir die aanslag teen Suid-Afrika gebruik is.[49] Radioversoekprogramme het 'n groot rol daarin gespeel om soldate en hulle naasbestaandes gemotiveerd te hou. Soldate en polisiemanne uit die Vaaldriehoek het vertel hoedat hulle gretig om die radio versamel het op tye wanneer daar versoeke vir die veiligheidsmagte uitgesaai is.[50] Daar gaan in die volgende paar paragrawe kortliks verwys word na die verskillende radioversoekprogramme, asook ander radio- en televisieprogramme wat destyds op die veiligheidskwessie gefokus het.

Patt Kerr het *Forces' Favourites* aangebied, en Mari Coetzer *Op Die Plek Rus.*[51] Daar was ook 'n spesiale program *Kontak,* oor die buitelandse diens van Radio Suid-Afrika vir die gebiede waar radio-ontvangs swak was.[52] Bekende omroepers het militêre basisse besoek en klankopnames van soldate se boodskappe gemaak tydens *Projek Mikrofoon.*[53] Verder was daar *Oranje Rendevouz,*[54] asook *Pitkos* wat sedert Januarie 1988 op Radio 2000 uitgesaai is.[55] Francois van Wyk

---

48 Anon, "P W kom op gepaste tyd", in *Vaalweekblad,* 14.12.1984; Vgl. ook D. de Villiers & J. de Villiers, *PW* (Kaapstad, Tafelberg, 1984).

49 D. van Heerden, "Só is daar al met die SAUK gemors", *Insig,* Junie 1992, p. 20.

50 MAV, p. 207. 23112000, De Villiers, D.W., (55) Parys; MAV, p. 58. 20012000, Tredoux, J. G. C., (66) Drie Riviere.

51 C. Coke & P. Mosterd, "Min hare, baie dae – strictly as requested", *Paratus,* 28(3), Maart 1977, p.30.

52 Anon, "Radioprogram wat die hart verbly", *Paratus,* 30(2), Februarie 1979, p. 6.

53 Anon, "Nog 'n Projek Mikrofoon – en Tannie Esmé kom weer bo uit!", *Paratus,* 24(4) April 1983, p. 77.

54 J. Botes, "Marcél Cronje van Oranje Rendevouz: Sy lê ons troepies na aan die hart", *Paratus,* 37(8), Augustus 1986, p. 49.

55 Anon, "Pitkos vir uniformdraers in radioprogram", *Paratus,* 39(5), Mei 1988, p. 41.

het *Saterdag Saluut* aangebied.[56] Verder is op die ontbyttelevisieprogram 'n paar bydraes oor die weermag uitgesaai, terwyl daar op die aktualiteitsprogram, *Netwerk*, ook 'n bydrae oor die weermag was.[57] Ná die beëindiging van die grensoorlog in 1989, is die radioversoekprogramme vir die soldate stelselmatig gestaak.[58]

Die publiek het deur radioprogramme van die aanslag kennis geneem. Op 13 Januarie 1986 het die SAUK kommentaar oor die Amanzimtoti-bom gelewer.[59] Op 4 Junie 1986 was daar weer 'n program oor die *African National Congress* (ANC).[60] In Oktober 1986 is 'n onderhoud met genl. Magnus Malan oor die rewolusionêre stryd gebeeldsend.[61]

### 6.3.3 FILMS EN TELEVISIEREEKSE

Die tydperk 1974 tot 1994 is deur verskillende oorlogfilms gekenmerk, afgesien van die Suid-Afrikaanse grensgebaseerde oorlogfilms, was daar ook heelwat internasionale films wat oor die Viëtnamese oorlog of oor die Koue Oorlog gehandel het. Grensgebaseerde oorlogfilms was gewild onder die Vaaldriehoekse publiek. 'n Aantal films oor die grensoorlog is by plaaslike filmteaters en op televisie vertoon. Dié films is as nuttige propaganda vir die verdedigingspoging ingespan.[62] Vroeg in 1975 is die film *Saboteurs* vrygestel. Die film handel kortliks daaroor dat die Suid-Afrikaanse kernnavorsingsprogram op Blaufontein die teiken van 'n vyandelike komplot is en deel van 'n Russiese

[56] L. Barnard, "Saterdag Saluut", *Paratus*, 41(8), Augustus 1990, p. 12.

[57] Anon, "TV reeks oor weermag", in *Uniform*, 04.05.1987, p. 2.

[58] S. Forbes, "Forces' Favourites retires", *Paratus*, 42(2), Februarie 1991, p. 21.

[59] Anon, "The ANC's War", *Paratus*, 37(2), Februarie 1986, p. 24.

[60] Anon, "Others say...The ANC states its case", *Paratus*, 37(7), Julie 1986, p. 25.

[61] Anon, "Die rewolusionêre aanslag teen Suid-Afrika...", *Paratus*, 37(11), November 1986, p. 12.

[62] Vgl. L. van Nierop, "Die gedaante van historiese feit op film: 'n Sintese tussen waarheid en verdigsel", *Historia*, 45(1), Mei 2000, pp. 12, 16; L. Scholtz, "The media and the military: Allies or adversaries", *Scientia Militaria*, 28(2), 1998, p. 246.




Advertensie 4:
Bron: *Vaalweekblad*, 25.04.1975.

poging om beheer oor die Indiese oseaan en die Kaapse seeroete te verkry.[63]

Die Vaaldriehoekse publiek het óf deur middel van die silwerdoek óf later, sedert 1975, deur middel van televisie, Suid-Afrikaanse grensgebaseerde films gesien. Die vrystelling van die film *Ses soldate* in 1974 was die eerste film wat die grensromantiek na die publiek gebring het. Ook die Vaaldriehoekse publiek is deur die film aangegryp.[64] Die film is in die *Vaalweekblad* beskryf met die opskrif: "Vind byval by oud en jonk: Die aksie! Die liefde! Die glorie! Die offers ..."[65] Die film was die eerste Afrikaanse gesinsrolprent wat as geheel die weermag as tema gehad het en was veronderstel om 'n boodskap aan die kyker oor te dra.[66] Die film het in wese oor aktuele sake gehandel wat Suid-Afrikaners van destyds na aan die hart gelê het.[67]

Dokumentêre films is in die Vaaldriehoek vertoon, ten einde die publiek oor terrorisme en misdaad voor te lig. Op 19 Maart 1975 is 'n gratis filmvertoning in die openbare biblioteek van Vanderbijlpark deur die polisie aangebied. Die eerste flim was getiteld *Terrorisme en Rhodesië* en die tweede *Misdaad se tier.*[68] Aan die begin van 1976 is 'n filmweergawe van 'n geveg in Angola wat as *Brug 14* bekend gestaan het op televisie vertoon.[69]

Die regisseur Daan Retief het self die Vaaldriehoek kom besoek om reklame vir die film *Die rebel* te maak wat gedurende Mei 1976 in die President teater op

---

[63] Anon, "What's at the cinemas: Nuclear sabotage in South Africa", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 03.01.1975.

[64] MAV, p.36. 17122000, Ferreira, D., (33) Drie Riviere.

[65] Anon, "Advertensie: Ses Soldate", in *Vaalweekblad*, 25.04.1975; Anon, "Barry Trengrove and Friedrich Stark in a scene from Ses Soldate", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 18.07.1975.

[66] Anon, "Ses soldate", Byvoegsel tot Paratus, *Paratus*, 1(12), Desember 1974, p. vii.

[67] Anon, "Ses soldate", Byvoegsel tot Paratus, *Paratus*, 1(6), Julie 1974, p. ix.

[68] Anon, "Films oor terrorisme, misdaad", in *Vaalweekblad*, 14.03.1975.

[69] Anon, "Regiment se offisiere informeel onthaal", in *Vaalweekblad*, 14.05.1976.

Sasolburg vertoon is.[70] Die vervaardigers van die film het gehoop om die publiek se aandag op die kommunistiese aanslag te vestig.[71] Op 5 Julie 1977 is daar op televisie 'n uurlange dokumentêre film oor die grensoorlog vertoon.[72] Die film *Grensbasis 13* was 'n geromantiseerde weergawe van die polisie se werksaamhede op die grens. Een van die 'groot terroristevangers', brig. Dries Verwey, was die gevegsraadgewer tydens die skiet van die film. *Grensbasis 13* is in die middel van 1979 in die Vaaldriehoek vertoon.[73]

Ander weermaggerigte films behels *Tawwe Tienies* met Bles Bridges as een van die rolspelers. Hierdie film is gedurende Mei 1984 in die Vaaldriehoek vertoon.[74] Daarna het die *Boetie* films gevolg. Die eerste hiervan was *Boetie gaan border toe,* terwyl die vrystelling van *Boetie op maneuvers* saamgehang het met 'n kompetisie wat deur Ster Kinekor en die River Square-kompleks aangebied is.[75] Na 1989 is daar nog enkele films oor die grens-era gemaak. Daar is egter 'n heeltemal ander benadering gevolg as in die geval van die grensfilms tussen 1974 en 1976. 'n Grensfilm met 'n ander benadering was *The Stick*, wat in Februarie 1991 vrygestel is. In dié film was daar reeds 'n défaitistiese stemming bespeurbaar.[76]

Afgesien van die periodieke vrystelling van grensfilms, het die vervaardigers van TV-reekse ook die grenstema uitgekies om verskillende TV-reekse oor die weermag in die tagtigerjare te vervaardig. Die TV-reeks *Recce*, wat oor die

---

[70] Anon, "Daan Retief nooi Driehoek: Los TV en kyk na 'Die Rebel' ", in *Vaalweekblad*, 14.05.1976; Anon, "Triangle movies: Will Roberts is Frits Derksen in 'Die Rebel', which has been on the Triangle circuit", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 28.05.1976; Vgl. ook Anon, "Die Rebel gaan seker groot byval vind", *Byvoegsel tot Paratus*, Maart 1976, p. iv.

[71] M. Nicol, "Cinema: SA films still have that 'home movies' feel", *To the Point*, 5(27), 2 Julie 1976, p. 38.

[72] Anon, "TV film on border situation", *Paratus*, 28(6), Junie 1977, p. 4.

[73] Anon, "Pret en vermaak: Grens-aksie in nuwe film", in *Vaalweekblad*, 09..02.1979.

[74] Anon, "Die Silwerdoek: Tawwe Tienies", in *Vaal Ster*, 25.05.1984.

[75] Anon, "Die Silwerdoek: Boetie gaan border toe", in *Vaal Ster*, 02.11.1984; Anon, "Big prizes in River Square's competition', in *Vaal Ster*, 07.06.1985.

[76] S. Engelbrecht, "Showtime: Roodt's unique war movie", in *Citizen*, 27.02.1991.

verkenningsregiment gehandel het, het op 17 November 1988 op die televisie begin en die verhoogstuk *Môre is 'n lang Dag* is in September 1990 gebeeldsend.[77]

Daar kan kortliks verwys word na ander oorlogsfilms wat in die Vaaldriehoek vertoon is. Sedert die laat sewentigerjare het Amerikaanse oorlogfilms al meer op die 'bloed en littekens' van die Viëtnamese oorlog gekonsentreer. Deur die nuwe generasie oorlogfilms is daar gepoog om aan te toon hoedat die Viëtnamese oorlog die Amerikaanse samelewing verander het en die nutteloosheid van oorlog is beklemtoon.[78] Daar was nie meer sprake van heldeverering in dié films nie. In *Apocalypse Now* is die gruwels van oorlog byvoorbeeld uitgelig.[79]

Tussen 19 Maart en 1 April 1980 is *Apocalypse Now* in Sasolburg vertoon en in Maart 1981 is *Private Benjamin* in Johannesburg vrygestel.[80] Die hoofrol-aktrise, Goldie Hawn, het self die film bekend gestel.[81] Gedurende Desember 1982 is *Firefox* in Vereeniging vertoon.[82] Die film *Missing in Action III* is gedurende Junie 1988 in die Odeon in Vereeniging vertoon.[83] In Februarie 1983 het die film *First Blood* in die Odeon op Vereeniging gedraai en *Commando* is gedurende Desember 1985 in die Vaaldriehoek vertoon.[84] Tydens die vertoning kon

---

77 Anon, "Foto: Volgende Donderdag begin'n splinternuwe reeks, Reccie, op TV 1", in *Vaalweekblad*, 11.11.1988; Vgl.ook A. Jooste, "Recce gaan sorg vir hoogdrama op kassie", *Paratus*, 39(11), November 1988, p. 29; B. Fields, "Army play for television", in *Uniform*, Augustus 1990, p. 12.

78 W. J. Shumacher, "Nieuwe golf oorlogfilms: Hollywood ontdekt Vietnam", *Elseviers magazine*, 34(37), 16 September 1978, p. 127.

79 W. J. Shumacher, "Nieuwe golf oorlogfilms: Hollywood ontdekt Vietnam", *Elseviers magazine*, 34(37), 16 September 1978, p. 135.

80 Anon, "Pret en vermaak: Vietnam herleef in 'Apocalypse Now' ", in *Vaalweekblad*, 21.03.1980.

81 Anon, "Kuns en vermaak: Private Benjamin", in *Vaalweekblad*, 13.03.1981.

82 Anon, "Die Silwerdoek: Fire fox", in *Vaal Ster*, 03.12.1982.

83 Anon, "Advertensie: Chuck Norris BRADCOCK: Missing in Action III", in *Citizen*, 03.06.1988.

84 Anon, "The Silverscreen", in *Vaal Ster*, 04.02.1983; Anon, "The Silverscreen", in *Vaal Ster*, 20.12.1985.

fliekgangers 'n motor met 'n hamer bydam om hulle as 'commando's' uit te leef.[85] Een van die bekendste Viëtnam-films, *Platoon,* is gedurende 1987 in Suid-Afrika vrygestel.[86] Films wat die Koue Oorlog as tema gehad het, is ook vertoon. Die James Bond film *The Living Daylights* is in September 1987 in die Vaaldriehoek vertoon en *Rambo III* Mei 1988.[87] In April 1989 is die film *Platoon Leader* vrygestel.[88] In Oktober 1990 is nog 'n Viëtnam-film, naamlik *Casualties of War* op video vrygestel.[89] Na die Golf Oorlog het daar ook films oor dié oorlog verskyn soos byvoorbeeld *Patriot Games*.[90] Die invloed van films soos voorgenoemde is deur Clinton Porter bevestig, wat gesê het dat die omstandighede wat hy in Bekkersdal tydens 'n militêre kamp ervaar het die Viëtnam-films by hom in gedagte geroep het.[91]

### 6.4 VERMAAK

Orkeste, vermaaklikheidsgroepe en sanggroepe van die weermag het die Vaaldriehoek tydens verskeie geleenthede besoek. Daar is egter ook 'n aantal toneelstukke in die Vaaldriehoek opgevoer, waarin die aktuele temas van destyds vertolk is.

Die Light Horse-Regimentsorkes het in Oktober 1975 opgetree tydens die inspeksieparade van die SA Rooikruisvereniging op Vanderbijlpark.[92] Die verhoogstuk *Pantoffelmoordenaars* is op 5 November 1976 op Vanderbijlpark

---

[85] Anon, "Foto: Fliekgangers het onlangs tydens die vertoning van 'Commando'... " in *Vaal Ster*, 28.02.1986.

[86] R. Lorin, "Good-time Charlie goes to war", *Personality*, 11 April 1987, p. 41.

[87] S. Cronje, "Nuwe Bond-fliek stel nie teleur", in *Vaalweekblad*, 11.09.1987; Anon, "Rambo returns to vanquish the Red Army", in *Citizen*, 23.05.1988.

[88] Anon, "Kuns en vermaak: Offisier se ervaring van Viëtnam-oorlog", in *Applous*, 12.04.1989.

[89] Anon, "On the video shelves", in *Vaal Ster*, 15—19.10.1990.

[90] Anon, "On the Silverscreen", in *Vaal Ster*, 31.08-04.09.1992.

[91] MAV, p.122, 02052000, Porter, C.J., (31) Vereeniging.

[92] Anon, "Foto: Die Light Horse regimentsorkes het ... op Vanderbijlpark opgetree", in *Vaalweekblad*, 26.10.1975.

opgevoer. Die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermagfonds en ander hooggeplaastes het die geleentheid bygewoon en die opbrengs van die aanbieding het aan die soldate op die grens gegaan.[93] Verder het die vermaaklikheidsgroep van die weermag op 28 Mei 1980 in die Etienne Rousseau-teater op Sasolburg opgetree. Die optrede is ten bate van die Suiderkruisfonds aangebied. Die groep wat gedurende 1970 tot stand gebring is, se doel was om die moreel van die troepe in die Republiek en aan die grens hoog te hou.[94]

Die Suid-Afrikaanse weermagorkes was een van die trekpleisters tydens die karnaval van die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie (ISCOR) van September 1980.[95] Die weermag se kerk en konsertgroep het in September 1980 in die skoolsaal van die Laerskool Sonlandpark opgetree met die doel om 'n positiewe beeld van diensplig uit te dra. Dié groep het as die uitstalvenster van diensplig in die weermag bekend gestaan.[96] Die vermaaklikheidsgroep van die weermag het op 5 September 1981 in die saal van die Vaaldriehoekse Technikon opgetree. Bekende kunstenaars soos Al Debbo en Jurie Ferreira het aan die program deelgeneem. Die konsert was deel van 'n liefdadigheidsprojek van die burgemeestersvrou van Vanderbijlpark, mev. Anne Schroeder, en was ten bate van die Suiderkruisfonds.[97] Die Weermagorkes het ook in Mei 1983 in die Unie Staalkorporasie (USCO) klub in Vereeniging opgetree. Tydens dié geleentheid is Mej. Persoonlikheid en haar twee prinsesse gekroon. Die fondse wat ingesamel is, het aan die soldate op die grens gegaan.[98]

---

[93] Anon, "Uithang-aand op Vanderbijlpark", in *Vaalweekblad*, 08.10.1976; Anon, "Moordenaars en pantoffels", in *Vaalweekblad*, 24.09.1976.

[94] Anon, "Pret en vermaak: SAW-orkes en grapjas Al Debbo op Sasolburg", in *Vaalweekblad*, 20.05.1980.

[95] Anon, "Die Suid-Afrikaanse Weermagorkes het .... Deel gevorm van Yskor se karnavaalprogram", in *Vaalweekblad*, 09.09.1980.

[96] Anon, "SAW-konsertgroep die uitstalvenster van diensplig", in *Vaalweekblad*, 23.09.1980.

[97] Anon, "Weermaggroep en Al Debbo hier", in *Vaalweekblad*, 28.08.1981.

[98] Anon, "Opskop vir grensmanne", in *Vaalweekblad*, 06.05.1983.

Die Light Horse-regimentorkes het in Mei 1982 in die sakekern van Vanderbijlpark opgetree. Die klanke van marsmusiek het 'n besondere atmosfeer geskep en talle verbygangers het na die musiek gestaan en luister.[99] Pieter-Dirk Uys het op 4, 5 en 6 Oktober 1984 *Total Onslaught 1984* in die Etienne Rousseau-teater op Sasolburg opgevoer.[100] In die stuk is die spot met kabinetsministers en geheimhouding gevoer.[101] Op 20 en 21 Junie 1986 is die stuk *Beyond the Rubicon* in Vereeniging aangebied. Die stuk was 'n negentig minute lange verhaling van die opstande in blank Suid-Afrika.[102] Tydens die viering van die tiende verjaarsdag van die Hoër Tegniese Skool Sasolburg op 14 April 1989, het die Hammanskraalvertoongroep, die polisie-orkes en die polisie-dansorkes tot die stemming van die dag bygedra.[103]

Die uittrede van P. W. Botha as staatspresident en die afskaffing van die Staatsveiligheidsraad en onderhandelinge vir 'n nuwe Suid-Afrika het ook 'n klemverskuiwing in die teaterwese laat plaasvind. Die stuk *Audience with Evita Bezuidenhoud* is vroeg in 1992 in Vereeniging opgevoer. In die stuk is die Konserwatiewe Party (KP) en die Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB) as potensiële rewolusionêres uitgebeeld.[104] Die Dawid-sanggroep van die weermag het in Januarie 1992 tydens 'n intermezzo-konsert by die Vaaldriehoekse Technikon opgetree. Die geleentheid is deur baie studente bygewoon.[105] Louis Swanepoel het op 20 Februarie 1993 sy stuk *Oom Harry en die Pienk Flerrie* in Vereeniging opgevoer. Die stuk het die destydse gebeure in Suid-Afrika vanuit 'n

---

[99] Anon, "Die Light Horse orkes het ... in die sakekern van Vanderbijlpark opgetree", in *Vaalweekblad*, 14.05.1982.

[100] Anon, "V'ging prepares for Total Onslaught", in *Vaal Ster*, 27.07.1984.

[101] Anon, "Total Onslaught by Etienne Rousseau", in *Vaal Ster*, 28.09.1984.

[102] Anon, "Man of many faces crosses Rubicon", in *Vaalweekblad*, 06.06.1986.


[103] Anon, "HTS Sasolburg se tiende verjaardag", in *Vaal Ster*, 03-07.04.1989.

[104] Anon, "Evita and PW a force to be reckoned with", in *Vaalweekblad-fokus 1*, 21.02.1992.

[105] Anon, "Foto: Die Dawid-sanggroep van die Suid-Afrikaanse Weermag het ... by die Vaadriehoekse Technikon opgetree", in *Vaal Ster*, 27-31.01.1992; Vgl. ook W. Thorpe, "Sing tot eer van die Here", *Paratus*, 39(12), Desember 1988, p. 33.



Illus. 43: Talle verbygangers het na die musiek van dié weermagorkes geluister.
Bron: Anon, "Die Light Horse orkes van die kommandement Witwatersrand het verlede Woensdag in die Sakekern van Vanderbijlpark opgetree...", in *Vaalweekblad*, 14.05.1982.



Illus. 44: Die Dawid sanggroep wat by die Vaaldriehoekse Technikon opgetree het.
Bron: Anon, "Dawids", in *Vaal Ster*, 27-31.01.1992.

regse standpunt vertolk. Daar is gepraat oor Eugene Terreblanche, P. W. Botha, genl. Malan, Winnie Mandela en minister Adriaan Vlok.[106]

## 6.5 MILITÊRE DEURMARSE

Tydens die Republieksfeesviering van 1978 het die hoof van die vloot, s.adm. R. A. Edwards, 'n revueparade van die Vanderbijlpark Kommando geïnspekteer en ook die feesrede gelewer.[107] Benewens Vanderbijlpark Kommando, het ook skoolkadette aan die parade deelgeneem. Die kadetorkes van die Vaal High School het die musiek tydens die geleentheid verskaf, terwyl die kadetafdelings van die Hoërskool Transvalia, die Hoërskool Vanderbijlpark en die Hoër Tegniese Skool Carel de Wet elkeen 'n drilpeloton beskikbaar gestel het.[108] Die Kultuurraad van Meyerton het versoek dat die Meyerton Kommando vir die Republiekfeesviering 'n vertoning oor die bekamping van stedelike terreur lewer en om by die vlagstrykingsparade betrokke te wees.[109]

Gedurende die Republiekfees van 31 Mei 1980 het 'n militêre konvooi bestaande uit hoofsaaklik Ratel- en Eland-pantservoertuie deur die strate van die Vaaldriehoekse dorpe gery.[110] Op Saterdag 14 Mei 1981 het die Vanderbijlpark Kommado en die Iscor Kommando, begelei deur kadetorkeste


[106] Anon, "ET praat", in *Vaalweekblad-fokus 1*, 29.01.1993; Anon, "Regses loop deur in satire", in *Vaal Ster*, 08-12.02.1993.

[107] Anon, "Vloothoof sal praat by dorp se republiekfees", in *Vaalweekblad*, 19.05.1978.

[108] DDD, Pretoria, Kmdt Wit., Groep 3, Houer 13, nr. 512/3/1, Deelname aan nie-militêre funksies – republiekdagvierings: Vanderbijlpark Kommando spesiale order nr. 1/78: Revueparade tydens Vanderbijlpark se Republiekfees, 16.05.1978.

[109] DDD, Pretoria, Kmdt Wit., groep 3, Houer 13, nr. 512/3/1, Deelname aan nie-militêre funksies – Republiekdagvierings: Brief, Republiekdagviering, van kmdt. F. E . Weilbach, bevelvoerder Meyerton Kommando, aan bevelvoerder Kmdt. Wit.

[110] Anon, "Militêre konvooi deur dorpe se strate", in *Vaalweekblad*, 10.06.1980, p. 10.



Illus. 45: 'n Militêre konvooi wat op Republiekdag, 31.05.1980 deur die hoofstraat van Vereeniging gery het.

Bron: Anon, "Militêre konvooi deur dorpe se strate", *Vaalweekblad*, 10.06.1980.

en tamboernooientjies, 'n optog deur Vanderbijlpark gehad.[111] Tydens die viering van die 90ste bestaansjaar van Vereeniging op 6 November 1982, was daar 'n parade waaraan die weermag, polisie, beskermingsdienste en jeugorganisasies deelgeneem het.[112] Die toekenning van die vryheid van dorpe of die verlening van nasionale vaandels het dikwels gepaardgegaan met militêre eenhede wat deur die strate van Vaaldriehoekse dorpe gemarsjeer het.[113]

## 6.6 WERWING

Omdat die Vaaldriehoek as 'n bron van mannekrag beskou is, is daar ook werwingspogings in die streek aangepak.[114] Werwing was egter nie net tot die era 1974 –1994 beperk nie. Die lugmag het onder meer reeds in 1948 'n spesiale werwingspoging in Vereeniging geloods. Lede van die keurraad het met 'n Dakota-vliegtuig in Vereeniging kom land en seuns aangemoedig om by die lugmag aan te sluit.[115]

Offisiere van die werwingskantoor van die weermag het Vanderbijlpark in Julie 1975 besoek om met die jeug oor die 'man in uniform' te praat en om jong mense aan te moedig om by die Staande Mag aan te sluit. Die werwingspoging het in drie fases geskied. Eerstens is daar met predikante, skoolhoofde en die pers gepraat. Daarna het werwingsoffisiere verskillende skole besoek en die laaste

---

[111] Anon, "Groot feesvierings om Republiekdag te herdenk", in *Vaalweekblad*, 23.01.1981, p.36; DDD, Pretoria, Kmdt. Wit., Eenheidgeskiedenislêer: Regiment Vanderbijlpark, Spesiale eenheidsorder nr. 1/81: Mars deur die strate ter viering van die Republiekfees, 16.05.1981; DDD, Kmdt. Wit., Pretoria, Groep 3, Houer 13, nr. 512/3/1/R81, Republiekfeesviering 1981: Brief, Deelname aan Republiekfees 1981 – Yskor Vanderbijl kommando, van maj. P.O. Hattingh, aan die bevelvoerder kmdt. Wit.

[112] Anon, *Vereeniging 90* (Stadsraad van Vereeniging, 1982), p. 7.

[113] J. Hennop, "Vanderbijlpark se trots", *Paratus*, 41(2), Februarie 1990, p. 26; M. van Stratten, Fotoversameling; J.C. Zelie, Fotoversameling.

[114] MAV, p 22. 28071999, Viljoen, C., (67) Pretoria.

[115] Anon, "SA Lugmag roep ons land se jeug: Dakota vliegtuig doen aan by Vereeniging op werwingstoer deur die Unie", in *Vereeniging News*, 20.11.1948.

stap was om die jeug te werf om sodoende die geledere van die Staande Mag aan te vul.[116]

Verder het 'n aantal artikels en advertensies in die plaaslike pers verskyn wat ten doel gehad het om loopbane in die weermag aantreklik voor te stel. In een sodanige artikel is byvoorbeeld genoem dat daar goeie loopbaanrigtings en groter wordende geleenthede in die weermag was. Verder is gemeen dat dit nodig geword het om 'n elite-korps vir die toekoms op te bou en dat 'n loopbaan in die weermag 'n persoon die bevrediging sal laat ervaar om die land in die nodigste area te dien.[117]

Die direkteur-generaal hulpbronne van die weermag, gen. maj. Neil Webster, het in Augustus 1975 in die *Vereeniging & Vanderbijlpark News* 'n beroep op Engelssprekendes gedoen om by die Staande Mag aan te sluit. Volgens hom was die verhouding van Afrikaans- tot Engelssprekendes in die leër 85 tot 15 persent, in die lugmag 75 tot 25 persent en in die vloot 45 tot 55 persent. Hy was van mening dat die grootte van die Vaaldriehoek in ag genome, dié streek met dié kwessie gekonfronteer moes word.[118] Daar is ook werwing vir 21 Bataljon (bestaande uit swart soldate op Lenz gestasioneer) gedoen.[119] Werwing vir die polisie is ingelyks gedoen.[120]

Lede van die Vereeniging Kommando het gedurende 1983 werwingsfilms by verskillende skole vertoon, terwyl werwingsadvertensies bestaan het wat die spesifieke behoeftes van die weermag uitgelig het. Daar is byvoorbeeld na

---

[116] Anon, "SADF recruiting officers to visit schools ", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 25.07.1975.

[117] Anon, "Join the army, son", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 21.11.1975.

[118] Anon, " Plea from general – English must join: Forces language gap 'too wide' ", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 22.08.1975.

[119] Anon, "Black soldiers", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 24.09.1976.

[120] Anon, " 'n Lang tradisie van veg vir orde", *Bylae tot Beeld en Vaalweekblad*, Oktober 1979; Anon, "SAP ook op grens", in *Vaalweekblad*, 03.06.1988; Vgl. ook Anon, "Vervul jou ideale in die SAP", in *Vaalweekblad*, 14.10.1988.

professionele mense vir die geneeskundige diens en vegvlieëniers vir die lugmag gesoek.[121] Die vloot het vroue gewerf om as burgermaglede opgelei te word en vrywilligers kon by verskillende vlootbasisse aansluit.[122] In die middel van 1989 was daar 'n artikel in die *Vaal Ster* waarin jong vroue aangemoedig is om by die SA Vroueleërkollege militêre opleiding te ondergaan.[123] Ná die 1994-verkiesing het leëreenhede, soos byvoorbeeld die Leërgimnasium Heidelberg, voortgegaan om vrywilligers by Vaaldriehoekse skole te werf.[124]

## 6.7 HELDEVERERING

Die nagedagtenis aan gesneuwelde soldate in die vorm van heldeakkers en gedenknaalde kan as deel van die mobilisasie-proses beskou word.

### 6.7.1 GEDENKDIENSTE TER NAGEDAGTENIS VAN DIE GESNEUWELDES

Gedenkdienste is gehou om eer te betuig aan diegene wat hul lewens in diens van die land geoffer het. 'n Dank- en toewydingsdiens vir die gewapende magte is jaarliks op die eerste Sondag in Oktober gehou en 'n gedenkdiens by Fort Klapperkop op die tweede Sondag in Augustus.[125] Op die Sondag naaste aan 11 November van elke jaar is daar gedenkdienste vir gesneuweldes gehou.[126]

Tydens gedenkdienste tot en met die einde van 1974 is daar slegs aan die gesneuweldes van die twee wêreldoorloë hulde gebring.[127] Nadat Suid-Afrika in

---

121 Anon, "Helping pupils to understand", *Paratus*, 34(8), Augustus 1983, p. 58; Anon, "Advertensie: Sluit aan by die professionele span", in *Vaal Ster*, 09-13.02.1987; Anon, "Loopbane 89: Only the best fly for the SADF", in *Vaalweekblad*, 21.04.1989.

122 Anon, "Vloot soek vroue vrywilligers", in *Vaalweekblad*, 27.01.1981.

123 Anon, "Girls: join the army!", in *Vaal Ster*, 01-05.05.1989.

124 Brief, van kol. J. Jooste, bevelvoerder Leër Gimnasium Heidelberg, aan hoof Hoërskool Drie Riviere, 12.08.1994.

125 Anon, "Gedenkdienste in die RSA", *Paratus*, 34(8), Augustus 1983, p. 15.

126 Anon, "Foto: Mnr. N. J. Botha, burgemeester van Vereeniging, lê hier 'n krans by die gedenksteen van die burgersentrum", in *Vaalweekblad*, 25.11.1977.

127 Anon, "Local Moths remember: Silent tribute to fallen comrades", in *Vereeniging & Vanderbijlpark News*, 15.11.1974.

1975 by die Angolese burgeroorlog betrokke geraak het, is die dienste ook opgedra aan soldate wat op die grens gesneuwel het. Die dienste is normaalweg bygewoon deur naasbestaandes van gesneuwelde soldate, die polisie, weermag, *Memorable Order of the Tin Hats* (MOTHS), *Memorable Order of the Tin Hats Woman's Auxiliary Service* (MOTHWAS), *South African Legion*, *Vereeniging Returned Soldiers Association* (VRSA), Suid-Afrikaanse Noodhulpliga, Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging, *St. John's Ambulance*, Voortrekkers, *Boy Scouts* en *Cubs*, *Girl Guides* en *Brownies* en die *Boys Brigade*.[128]

Op 13 November 1983 is in die DP de Villiers-stadion op Sasolburg, 'n groot gedenkdiens gehou waartydens verskillende organisasies aan 'n kranslegging-seremonie deelgeneem het.[129] Tydens die Wapenstilstanddag- viering van 11 November 1983 op Parys is 'n gedenkplaat vir die twee gesneuweldes van die dorp onthul. Ongeveer 200 kommandolede, skoolkadette, noodhelpers en oudgediendes het aan 'n optog na die oorlogsgedenkteken deelgeneem.[130] Die gedenkdiens van 29 April 1984 wat op Potchefstroom gehou is ter nagedagtenis van soldate wat in die twee wêreldoorloë en aan die grens gesneuwel het, is ook in die Vaaldriehoek geadverteer.[131]

Die gedenkdiens van November 1985 het hulde gebring aan soldate wat sedert 1961 in diens van die land gesterf het.[132] Gedurende Mei 1987 is gedenkdienste landwyd vir gevalle polisiemanne gehou. Die diens in Vereeniging is deur ds. Attie Coetzee waargeneem. Hy het verwys na die 1984 onluste in die Vaaldriehoek, die geveg tussen die polisie en terroriste in die Vaaldriehoek en

---

[128] Anon, "Foto: Terwyl 'n sterk bui reën uitgesak het, is kranse Sondagmiddag by die gedenksteen in Vereeniging se burgersentrum gelê ter nagedagtenis aan gesneuwelde sodate", in *Vaalweekblad*, 16.11.1979.

[129] Anon, "Sondag, 13 November 1983 is 'n herdenkingsdag op die DP de Villiers Stadiion op Sasolburg gehou", in *Vaalweekblad*, 02.12.1983.

[130] Anon, "Gedenkdag iets besonders", in *Vaalweekblad*, 06.12.1983.

[131] Anon, "Spesiale diens om oorledenes te gedenk", in *Vaalweekblad*, 27.04.1984.

[132] Anon, "Gedenkdiens vir gesneuweldes", in *Vaalweekblad*, 22.11.1985.

die bom wat teen 'n kragmas by Risiville gevind is. Tydens dié diens is die laaste eer aan konstabel Michel Odendaal betoon.[133] Die gedenknaald vir gesneuweldes op Meyerton is op 10 Oktober 1987 onthul. Tydens die onthulling van die gedenknaald het die burgemeester van Meyerton, G. A. J. Grobler, voorgestel dat daar elke jaar op die Sondag naaste aan 11 November 'n gedenkdiens by die naald gehou moes word.[134] Tydens die November 1987 gedenkdiens wat in Vereeniging gehou is, is daar gemeen dat die:

> gesneuwelde soldate wat gedenk is, bereid was om die hoogste offer te bring ter wille van vryheid sodat ons in vrede en sekuriteit kon lewe.[135]

In April 1990 is daar in Vereeniging 'n gedenkdiens vir gevalle polisie- beamptes gehou. Daar is genoem dat 71 polisielede gedurende 1989 in die uitvoering van hulle pligte gesterf het. Verskeie lede van die polisie, weermag, verkeersdepartement, stadsraad en lede van die publiek het die diens bygewoon.[136] Op 11 November 1990 is gevalle soldate en polisiemanne van Vereeniging by die senotaaf op die stadsplein gedenk.[137]

Tydens die Wapenstilstanddag van November 1990 op Meyerton het die burgemeester die eerste krans by 'n gedenkteken vir die gesneuwelde soldate van Meyerton gelê. Hy het na die kommando van die dorp as 'n ystervuis verwys en gesê dat die hele land beskerm is deur soldate wat uit die kleiner plekke soos Meyerton kom. Ouers van gesneuweldes het ook kranse gelê.[138] Die kransleggingseremonie wat op Meyerton in November 1991 ter nagedagtenis

---

[133] Anon, "Talle by gedenkdiens", in *Vaalweekblad*, 01.05.1987.

[134] W. C. Gouws, *Meyerton na honderd jaar: Feesblad van die stadsraad van Meyerton 1891/92 – 1991/92* (Meyerton, Meyerton stadsraad, 1992), p.115.

[135] Anon, "Kranse gelê by gedenkdiens", in *Vaal Ster*, 16-20.11.1987.

[136] Anon, "Gedenkdiens deur baie bygewoon", in *Vaalweekblad*, 27.04.1990.

[137] Anon, "Foto: Gedenkdienste is op 11 November landwyd gehou ...", in *Vaalweekblad*, 16.11.1990.

[138] Anon, "Gestorwenes gedenk", in *Vaalweekblad*, 09.11.1990.



Illus. 46: Die begrafnis van sktr. Bennie Jordaan, die eerste soldaat wat in die heldeakker op Vereeniging begrawe is.

Bron: Anon, "Eerste graf in Helde-akker", in *Vaalweekblad*, 31.08.1979.



Illus. 47: Polisiemanne wat tydens grensdiens gesneuwel het, is met militêre eer begrawe. Die militêre begrafnis van sers. Chris Momberg.

Bron: Anon, "Foto: Die militêre begrafnis van Chris Momberg", in *Vaalweekblad*, 06.03.1987.



Illus. 48: Die medalje vir die bekamping van terrorisme van sers. Momberg wat na sy dood aan sy moeder oorhandig is.

*Bron: S. M. Fourie fotoversameling*

van die gesneuweldes van die dorp gehou is, was deel van die dorp se eeufeesvieringe.[139]

Op 30 Mei 1993 is daar in die heldeakker van Vanderbijlpark 'n kransleggingseremonie gehou ter nagedagtenis van hulle wat in diens van Suid-Afrika gesneuwel het.[140] Soldate van verskillende kommando's was deel van die Wapenstilstanddagparades.[141] Ouers van gesneuwelde Vaaldriehoekers het ook gedenkdienste elders bygewoon. Gedenkdienste van 3 Suid-Afrikaanse Infanterie Bataljon (3 SAI bn) is te Potchefstroom bygewoon. Dié eenheid het 'n gedenkteken in Potchefstroom opgerig na die dood van Bennie Jordaan en nog twee soldate in dieselfde voorval.[142] Ouers het ook die jaarlikse gedenkdiens vir gesneuweldes by Fort Klapperkop bygewoon.[143]

### 6.7.2 HELDEAKKERS EN GEDENKNAALDE IN DIE VAALDRIEHOEK

In die Vaaldriehoek is militêre begraafplase, heldeakkers en gedenknaalde wat gesneuweldes van verskillende oorloë gedenk. Daar is standplase waar gesneuldes uit oorloë voor 1974 begrawe is. By die Maccauvlei Gholfbaan in Vereeniging lê die Britse soldate wat gedurende die Anglo-Boereoorlog in die omgewing gesneuwel het, begrawe en by die ou begraafplaas in Vereeniging die vlieëniers wat tydens opleiding by 22Lugskool gedood is.[144] Gedurende die grensoorlog het verskillende dorpe heldeakkers geskep en ook gedenknaalde opgerig.[145]

---

139 Anon, "Foto: 'n Kranslegging ter nagedagtenis aan Meyerton-helde", in *Vaal Ster*, 18-22.11.1991.

140 Anon, "Foto: Kranse is op 30 Mei deur verskillende organisasies en instansies by die helde-akker op Vanderbijlpark gelê", in *Vaal Ster*, 06.06.1993.

141 Dagboek Vereeniging Kommando, 13.10.1993.

142 Anon, "Met sulke helde sal ons oorwin", *Paratus*, 31(6), Junie 1980, p.55; MAV, p. 43. 23121999, Jordaan, C. J., mnr. (73) en Jordaan, C. J., mev. (73) Sonlandpark.

143 MAV, p.44. 23121999, Jordaan, C.J., (73) Jordaan, C.J., (73) Sonlandpark; MAV, p. 56. 17012000, Ross, W.M., (64) Ross, I.E., (59), Sasolburg.

144 R.L. Leigh, *Vereeniging* (Johannesburg, Courier, 1968), p. 55; S.M. Fourie fotoversameling.

145 S.M. Fourie fotoversameling.



Illus. 49: Die heldeakker op Vereeniging waar gesneuwelde soldate uit die grensoorlog sedert 1979 begrawe is.

Bron: *S. M. Fourie fotoversameling.*



Illus. 50: Die heldeakker op Sasolburg waar gesneuwelde soldate en polisiemanne uit die grensoorlog begrawe is.

Bron: *S. M. Fourie fotoversameling.*



Illus. 51: Die gedenknaald vir gesneuweldes uit die grensoorlog by Vanderbijlpark se heldeakker.

Bron: *S. M. Fourie fotoversameling.*



Illus. 52: Die gedenknaald in Sasolburg se sakesentrum.

Bron: *S. M. Fourie fotoversameling.*



Illus. 53: Die senotaaf op Vereeniging waarop die name van gesneuweldes van die twee wêreldoorloë en van die grensoorlog aangebring is.

Bron: *S. M. Fourie fotoversameling.*



Illus. 54: Die gedenknaald op Meyerton waarop die name van gesneuwelde soldate uit die grensoorlog aangebring is

*Bron:* *S. M. Fourie fotoversameling*

Teen 1983 was reeds 900 krygerakkers oor die hele land opsy gesit vir gesneuwelde lede van die veiligheidsmagte.[146] Die heldeakker in Vereeniging is by die ingang van die dorp se huidige begraafplaas. Daar is ook 'n senotaaf op die stadsplein waarop die name van gesneuweldes van die twee wêreldoorloë en van die grensoorlog aangebring is. Die gedenknaald en heldeakker van Vanderbijlpark is by die dorp se begraafplaas. Sasolburg se heldeakker is in die begraafplaas, terwyl daar ook 'n gedenkteken in die stadskern is. Die gedenkteken van Meyerton is agter die biblioteek.[147]

Daar bestaan ook elders monumente waar onder meer Vaaldriehoekse ongevalle gehuldig is. By 1 Militêre Hospitaal is 'n monument ter ere van gewonde en gestremde lede van die veiligheidsmagte opgerig.[148] Daar is ook in Pretoria 'n gedenkteken ter ere van die slagoffers van terrorisme opgerig.[149] By 1 Militêre Hospitaal is gedenkplate aangebring ter ere van die organisasies wat bygedra het tot die versorging van gewondes en gestremdes.[150] 'n Omringende muur by Fort Klapperkop met die name van 585 lede van die weermag wat na 31 Mei 1961 gesterf het, is op 31 Mei 1979 ingehuldig.[151] Die gedenktuin ter nagedagtenis aan alle Suid-Afrikaners wat in diens van die land gesneuwel het, is op 31 Mei 1986 op Stalplein in Kaapstad geopen.[152] Die adjunk-minister van verdediging, mnr. Wynand Breytenbach, het in Mei 1990 aangekondig dat 'n

---

[146] I. Minnaar, "Krygerakkers: Akkers in 900 begraafplase", in *Uniform*, Oktober 1983, p. 7.

[147] S. M. Fourie fotoversameling.

[148] L. Barnard, "Projek Curamus: Monument vir die veiligheidsmagte", *Paratus*, 41(6), Junie 1990, p. 4; L. Barnard, "Ceramus – gedenkteken: Gestremdes se offers erken", *Paratus*, 41(11), November 1990, p. 16.

[149] J. Hennop, "Slagoffers van terreur onthou", *Paratus*, 40(7), Julie 1989, p. 40.

[150] Anon, "Rehabilitasiegeriewe by 1 Mil Hosp: Genl. Malan bedank skenkers, huldig SAW- lede", *Paratus*, 35(2), Februarie 1984, p. 12.

[151] Anon, "Gedenkteken vir 611 manne en een vrou by Klapperkop", in *Vaalweekblad*, 25.05.1979; Anon, "Soek name van oorlogshelde", in *Vaalweekblad*, 19.06.1979.

[152] J. Williams, "Landsake: republiekdag-seremonie op Stalplein: Verbind tot die handhawing van vryheid", *SA Oorsig*, 06 Junie 1986, p. 491.

monument vir die onbekende gewonde soldaat in daardie jaar onthul sou word.[153]

## 6.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is getoon hoedat daar ook in die Vaaldriehoek pogings aangewend is om Vaaldriehoekers positief teenoor die veiligheidsmagte in te stel. Tydens tentoonstellings kon mense kanonne en pantservoertuie besigtig en aan wapens vat. Polisie- en weermaggroepe het tydens sulke geleenthede vertonings gelewer. Inwoners van die Vaaldriehoek het ook deur middel van televisiereekse met die grensstryd kennis gemaak, terwyl tydskrifte en artikels oor die weermag en die polisie gerapporteer het. Die Vaaldriehoekse gemeenskap het sy gesneuwelde soldate in die vorm van die uitlê van heldeakkers en monumente vereer.

Die persepsie van die aanslag teen Suid-Afrika en diensplig, het 'n aktualiteitswaarde aan die militêre tema verleen. Dié aspekte het tot die mobiliseringsproses van die samelewing bygedra.[154] In die volgende hoofstuk gaan daar gekyk word hoedat die Vaaldriehoekse publiek terwyl hulle gemobiliseer is, op verskillende wyses paraat gemaak is.

---

[153] Anon, "Parliament: Unknown injured to be honoured", in *Citizen*, 17.05.1990.

[154] Vgl. MAV, p.18. 06071999, Malan, M. de M., (69) Pretoria.